Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## JUNIE 2021

# BESIGHEIDSTUDIES V2
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n riglyn vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| **A:** | **Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | | |
| **B:** | **DRIE direkte/indirekte tipe vrae** | **2** | **40** | **70** |
| | **KEUSE:** | **3** | **40** | |
| | **Beantwoord enige TWEE.** | **4** | **40** | |
| | | | | |
| **C:** | **TWEE opsteltipe vrae KEUSE:** | **5** | **40** | **30** |
| | **Beantwoord enige EEN.** | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ’n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.

8. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Die … leierskapsteorie moedig volgelinge aan om veranderinge in die werkplek te aanvaar.

A situasionele
B leiers en volgelinge
C transformasie
D outokratiese

1.1.2 ŉ Minimum van R1 000 moet in hierdie vorm van belegging belê word:

A Effektetrusts
B Aandele
C Vaste deposito
D RSA Kleinhandelspaareffekte

1.1.3 Mev. King, die versekerde, moet ŉ sekere bedrag betaal wanneer ŉ eis ingedien word:

A Bybetaling/'Excess'
B Premie
C Boekwaarde
D Rente

1.1.4 EEN van die stappe wat die besigheid tydens konflikhantering in die werkplek kan oorweeg:

A Implementeer dissiplinêre prosedures
B Kies ŉ toepaslike oplossing
C Verskaf ontspanningsgeriewe
D Verskaf byvoordele

1.1.5 Kreatiewe denke in die werkplek beteken ... om besigheidsprobleme op te los.

A om ou maniere te gebruik
B om innoverende idees te genereer
C om roetine-denke te gebruik
D om een werknemer toe te laat

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| handleiding; Delphi-tegniek; huur; onderversekering; nie-samewerkend; dinkskrum; samewerking; dividende; oorversekering; gedragskode |

1.2.1 Besighede/Individue sal nie ŉ uitbetaling ontvang wat groter is as die waarde van die verlies teen markwaarde nie. Dit verwys na …

1.2.2 Inkomste wat verdien word van ŉ belegging in eiendom staan bekend as …

1.2.3 ŉ Besigheid versoek ŉ paneel van kundiges om ŉ stel vraelyste in te vul om ŉ komplekse probleem op te los. Dit verwys na ...

1.2.4 Spanlede stem in om almal na ŉ gemeenskaplike doel te werk en dit staan as … bekend.

1.2.5 Die … is ŉ geskrewe dokument wat die beginsels en waardes wat besighede handhaaf, bevat.

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Assuransie | A mag of gesag op grond van die posisie waarin hulle aangestel is |
| 1.3.2 Likiditeit | B versoek elke werknemer om eers idees op sy/haar eie te genereer voordat dit met die groep gedeel word |
| 1.3.3 Leierskap | C beskryf die eskalasie in die waarde of pryse wat die belegging na 'n periode van tyd minder werd maak |
| 1.3.4 Professionalisme | D versoek werknemers in ŉ groep om idees lukraak voor te stel en om alle idees op ŉ blaaibord (‘flipchart’) te skryf |
| 1.3.5 Nominale groeptegniek | E die morele beginsels wat besluite as reg of verkeerd aandui |
| | F verwys na ŉ ooreenkoms met ŉ versekeraar om finansieel vir risiko’s soos skade of verlies van eiendom te vergoed |
| | G die internasionale aanvaarbare standaarde/verwagtinge van mense se gedrag en vlakke van bevoegdheid in die werkplek |
| | H verwys na ŉ ooreenkoms met ŉ versekeraar om finansieel vir beserings of verlies van lewe te vergoed |
| | I mag of invloed op grond van sy/haar kennis of intelligensie of vaardighede |
| | J beskryf die gemak en spoed waarteen beleggers ŉ belegging in kontant kan omskakel |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ens.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Gee DRIE voorbeelde van nieversekerbare risiko's. (3)

2.2 Identifiseer die tipe aandele verteenwoordig deur ELK van die stellings hieronder.

2.2.1 Hierdie aandele word uitgereik aan die aandeelhouers wat die maatskappy begin het. (2)

2.2.2 Aandele wat uitgereik word aan die bestaande aandeelhouers vir vergoeding van verlies aan dividende. (2)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **NJOLI SKRYFBEHOEFTE VERSKAFFERS (NSV)** |
|---|
| Bizzah is die eienaar van Njoli Skryfbehoefte Verskaffers. Hy beloon werknemers wanneer hulle hul verkoopsteikens bereik en straf hulle wanneer hulle nie spertye nakom nie. |

2.3.1 Identifiseer die leierskapstyl deur Bizzah gebruik. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.3.2 Bespreek die impak van Bizzah se leierskapstyl soos in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is. (8)

2.4 Beveel situasies aan waarop die volgende leierskapstyle in die werkplek toegepas kan word:

2.4.1 Demokratiese (4)

2.4.2 Laissez-Faire/Vrye-teuels (4)

2.5 Verduidelik die betekenis van s*kuldbriewe*. (4)

Kopiereg voorbehou 

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Kwezi het ŉ besigheidseiendom gekoop teen ŉ waarde van R800 000, maar hy het dit verseker teen R500 000. ŉ Orkaan het ŉ gedeelte van die eiendom vernietig en die skade is beraam teen R300 000. |

2.6.1 Noem die versekeringsklousule wat van toepassing is op die scenario hierbo. (2)

2.6.2 Bereken die bedrag wat Kwezi van die versekeraar as vergoeding sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.7 Tabuleer die verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente. (4)
**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

3.1 Gee DRIE praktiese voorbeelde van onetiese gedrag. (3)

3.2 Identifiseer die onetiese besigheidspraktyk wat in elk van die volgende scenario's geïllustreer word:

3.2.1 Madiba Cash en Carry vra meer vir dieselfde goedere in die dorpie as in die stedelike gebiede. (2)

3.2.2 Mnr. Siza, die finansiële bestuurder by Jakes Toebehore, het nie al hul inkomste aan SAID verklaar nie. (2)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **RUBIN STAALFABRIEK (RSF)** |
|---|
| Rubin Staal Fabriek ervaar ŉ hoë aanvraag vir staalmateriaal en RSF wil sy besigheidsidee uitbrei deur nog ŉ fabriek in Mosselbaai op te rig. RSF moet na beide die voor- en nadele van sy besigheidsidee kyk voordat hulle nog ŉ fabriek oprig. |

3.3.1 Noem die probleemoplossingstegniek wat deur Rubin Staalfabriek gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Bespreek die voordele van die probleemoplossingstegniek wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is. (8)

3.4 Onderskei tussen *probleemoplossing* en *besluitneming*. (4)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| PURE KONTANT FINANSIERING (PKF) |
|---|
| Pure Kontant Finansiering glo dat goeie korporatiewe bestuur, wat deursigtigheid en verantwoordbaarheid/aanspreeklikheid insluit, die sleutel is tot die integriteit van hulle organisasie en hul vermoë om risiko te bestuur en op optimale vlakke te presteer. |

3.5.1 Noem TWEE King-kode beginsels vir goeie korporatiewe bestuur vanuit die scenario hierbo. (2)

3.5.2 Gee PKF raad oor hoe elke King-kode beginsel, wat in VRAAG 3.5.1 geïdentifiseer is, toegepas kan word om hulle korporatiewe bestuur te verbeter. (8)

3.6 Verduidelik hoe besighede die dinkskrumtegniek kan toepas om hul besigheidsprobleme op te los. (8)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem DRIE beginsels van versekering. (3)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Kelly en Keith het R5 000 in twee aparte rekening belê. Kelly het in ŉ lopende rekening by ŉ bouvereniging belê en ontvang 12% enkelvoudige rente per jaar. Keith het in ŉ vaste deposito by Khula Bank teen 12% saamgestelde rente per jaar belê. Die beleggingsperiode van hul rekeninge is twee jaar. |

4.2.1 Bereken die rentebedrag wat Kelly na 2 jaar sal ontvang. (3)

4.2.2 Bereken die rentebedrag wat Keith na 2 jaar sal ontvang. (4)

4.2.3 Noem die beter beleggingsopsie en motiveer die antwoord. (2)

4.3 Bespreek die rol van persoonlike ingesteldheid/houding vir suksesvolle leierskap. (8)

Kopiereg voorbehou

**BESIGHEIDSROLLE**

4.4 Identifiseer die tipe moeilike persoonlikhede wat op ELK van die stellings hieronder van toepassing is.

4.4.1 Mnr. Ingwe vertraag die hele proses totdat ŉ perfekte oplossing bereik word. (2)

4.4.2 Sizwe, ŉ tegnikus, is ontevrede alhoewel die bestuur die werknemers se salarisse en werkstoestande verbeter het. (2)

4.4.3 Die toesighouer praat hard en gebruik lelike woorde en boelietaktiek wat ŉ vyandige omgewing tydens besprekings skep. (2)

4.5 Beskryf die belangrikheid van spandinamika-teorieë vir die verbetering van spanprestasie. (6)

4.6 Beveel strategieë aan wat besighede kan instel om die misbruik van werktyd deur werknemers te hanteer. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)

| |
|---|
| Zuki het onlangs R10 miljoen in die lotterye gewen. Sy oorweeg dit om óf in voorkeuraandele óf effektetrusts op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (JSE) te belê. |

Skryf 'n opstel om Zuki leiding te gee oor die volgende beleggingsaspekte.

- Beskryf kortliks die funksies van die JSE.
- Verduidelik VIER soorte voorkeuraandele.
- Bespreek die volgende faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word:
  - Opbrengs op belegging
  - Belasting
  - Inflasiekoers
- Gee Zuki raad oor die doeltreffendheid van effektetrusts as 'n goeie belegging. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (SPANPRESTASIE EN KONFLIKBESTUUR)

| |
|---|
| Onverdraagsaamheid tussen werknemers as gevolg van ongelukkigheid en konflik dra tot laer produktiwiteit by. Daarom bly werknemers soms weg van die werk sonder om die korrekte grieweprosedures te volg. Besighede spandeer groot bedrae geld en tyd aan spanbousessies en -projekte. |

Hou die stelling hierbo in gedagte en skryf 'n opstel oor die volgende aspekte van spanprestasie.

- Onderskei tussen *griewe* en *konflik.*
- Verduidelik DRIE kriteria vir suksesvolle spanprestasie.
- Bespreek die verskillende stadiums van spanontwikkeling.
- Gee werknemers raad oor die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou